# Gesindheid van 'n Moeder se hart

Elke baba is deur God beplan, geen kind is 'n ongeluk nie. Toe die Vader Jesus voor die ewigheid liefgehad het, het Hy ons ook liefgehad. Toe die mens nog net 'n gedagte in God se ewige verstand was, het die Here ons reeds beplan:

Efés 1:4 – *"soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees"*

Alles omtrent 'n baba is 'n wonderwerk. Elke keer as 'n baba in die wêreld gebore word en sy eerste asemteug gee is dit God se waarborg en hoop dat die lewe aangaan.

Om 'n Ma te word is veel meer as 'n biologiese proses, vanaf bevrugting wat vêr van wat eenvoudig en voor die hand liggend is tot en met die sigbare fisiese veranderinge, van die meer verborge veranderinge op emosionele en sielkundige vlak tot en met die natuurlik groei van die fetus in die baarmoeder.

Volgens kenners is die kanse om swanger te raak vir 'n gesonde, vrugbare en optimale ouderdomspaar ongeveer een uit elke 5 maande oftewel tussen 15% en 25%.

God het vir elke kind 'n engel op aarde gegee wat haar nodig gaan hê sy hele leeftyd, en **die** engel staan bekend as Moeder!

Die oomblik wat 'n kind gebore word, word die Moeder ook gebore. Sy het voorheen bestaan as vrou, maar nog nie as Moeder nie. 'n Ma is iets absoluut iets nuuts.

Gedurende swangerskap is moederliefde alreeds teenwoordig wat 'n sterk en instinktiewe krag en skep lewenslange band tussen moeder en kind. Haar onwoorwaardelike liefde vir haar kind kan nie in woorde omgesit word nie. 'n Ma koester en versorg haar kind in haar baarmoeder vir 9 maande en gaan dan met groot moeite deur die geboorteproses, sonder om te kla! Haar grootste bydrae is nie iets wat sy doen nie, maar iemand wat sy grootmaak. Moederskap is die beste ding, maar tog ook die hardste ding. Haar hart is 'n soos 'n bodemlose put waar jy altyd vergifnis sal ontvang.

*Om 'n Ma te wees is om jou hart buite jou liggaam te sien rondloop.*




'n Ma kan die plek van enige iemand anders inneem, maar niemand kan haar plek inneem nie! Haar liefde is onvervangbaar. Haar liefde kan jy nie verkry of verdien nie. Sy hou haar kind se hand vir 'n kort tydjie vas, maar sy hart vir ewig.

Ma's is vriendelik en het onbeskryflike geduld vir haar kinders. Sy stel haarself altyd laaste. Sy kniel daagliks in gebed vir haar kind. Sy weet waar haar krag vandaan kom. Sy weet sy is tot alles in staat deur Christus wat haar krag gee. Sy weet sy het al Jesus se krag, liefde en bystand nodig want slegs met dit kan sy 'n bende storm loop en oor mure spring. 'n Ma se gebede volg haar kind en klou aan hom vas sy hele lewe lank.

'n Ma het al haar kinders lief. Elke kind is uniek, nie een van haar kinders is identies nie. Selfs identiese tweelinge het elkeen hulle eie persoonlikheid.

*As jy dink my hande is vol moet jy my hart sien!*

Jesus beklemtoon die belangrikheid van ‘n moeder in Spreuke 31:24-28 – *“Sy verkoop die klere wat sy maak en voorsien handelaars van gordels. Sy het innerlike krag en waardigheid. Sy is nie bekommerd oor die toekoms nie. Sy praat met wysheid, sy gee raad saam met liefde. Sy hou toesig oor alles wat in haar huis gebeur. Sy verdra nie luiheid nie. Haar kinders staan op en prys haar. Haar man spog met haar:”*

‘n Ma help om haar kind se karakter te vorm en wil haar kind grootmaak om eendag ‘n bedagsame, passievolle, vindingryke volwassene te wees wat die wêreld sal verander eerder as om deur die wêreld verander te word. Sy weet dat haar kind baie vrae gaan hê, hy gaan passievol nuuskierig wees. Hy gaan humoristies vindingryk wees wat wil weet hoekom en waarom. Wat dit geniet om kompromieë aan te gaan en wat eindeloos die grense gaan probeer verskuif. Sy gee haar kind kans om te groei want die lewe kom nie met 'n handleiding nie, dit kom met 'n Ma.

Hoe weet ‘n Ma hoe om ‘n goeie Ma te wees? ‘n Ma vat nie klas oor hoe om ‘n Ma te wees nie. Sy word in moederskap gegooi en leer slegs uit ervaring. Daar is nie een perfekte manier om 'n goeie ma te wees nie. Elke situasie is uniek. Elke ma het verskillende vaardighede en vermoëns en beslis verskillende kinders. Wat saak maak, is dat 'n ma baie lief is vir haar kinders.

*‘n Ma beskerm haar kind ten alle koste!*

Elke dag tel! Voor jy weet is die kinders groot. Vandag is ‘n geskenk. Bestudeer sy gesig en klein voetjies. Gee aandag en geniet hulle sjarme vandag!

‘n Ma is nooit meer alleen in haar gedagtes nie want sy moet altyd twee keer dink. Een keer vir haarself en een keer vir haar kind. Dit is 'n keuse wat sy elke dag maak om haar kind se geluk en welstand bo haar eie te stel. Om hom die hardste en moeilikste lesse te leer, om die regte ding te doen selfs wanneer sy self nie seker is wat die regte ding is nie en om haarself oor en oor te vergewe vir alles wat sy verkeert gedoen het.

Om 'n ma te wees is nie die maklikste werk nie, maar dit is beslis die beste werk wat iemand ooit kan hê.

**VERDUIDELIKING EN WAARDE VAN DIE WOORD MOEDER**



Ma’s is een van die eerste aanduidings van die soewereiniteit van God in ons lewens. Ma’s leer ons om selfvertroue en geloof in onsself te hê. Ma’s praat die kind moed in, help hom om positief te wees. Ma’s het uit ondervinding geleer hoe belangrik dit is om in jouself te glo sodat jy sterk kan groei en as ‘n heel mens eendag met 'n gesonde selfbeeld die wêreld te kan aandurf.

’n Ma se rol is om haar kinders met haar hele hart lief te hê en te verstaan. Sy versorg hulle en wil die wêreld 'n beter plek maak vir hulle. Sy is verantwoordelik vir haar kind se welstand en veiligheid, asook vir sy fisiese en emosionele behoeftes. Sy is geduldig, respekvol, sterk, nederig, empatiek, gesaghebbend, ondersteunend en liefdevol.

'n Ma leer haar kind alles wat sy weet, van praat, stap tot 'n vervullende lewe. Sy is ook die een wat 'n kind dissiplineer en opvoed vir 'n beter lewe. Van opstaantyd tot slapenstyd leer 'n Ma leer haar kind alles wat sy weet. Sy speel 'n groot rol in haar kind se lewe. Sy versorg hom, is lief vir hom en leer hom plus plus plus!!! Die manier waarop 'n kind ontwikkel, kan grootliks toegeskryf word aan die rol wat Ma’s se versorging in hul lewens speel.

Daar is ‘n posisie posiskbaar vir ‘n Ma. Doen gerus aansoek!

**<u>POSISIE BESKIKBAAR</u>**: Direkteur van bedrywighede AKA Moeder, Mamma, Mams of Ma.

Het jy wat dit vat? Doen gerus aansoek.

**Belangrike kennisgewing:** Alles wat hier genoem word is op een kind van toepassing. Vir elke ekstra kind word alles verdubbel.

**<u>BESKRYWING VAN POSISIE</u>**

Dit is nie net ‘n werk nie, dit is DIE belangrikste werk. Jy moet streng wees, maar liefdevol. Moet by die reëls bly maar nie die kind afskrik sodat hy wil wegloop en ander Ma gaan soek nie *(tong in die kies)*

Jy moet die vrugte van die gees wat in <u>Galásiërs 5:22</u> beskywe word almal kan toepas – *“Die vrug van die Gees is Liefde, Blydskap, Vrede, Lankmoedigheid, Vriendelikheid, Goedheid, Getrouheid, Sagmoedigheid En Selfbeheersing.”*

Jy moet oë agter jou kop hê en 3-4 dinge gelyk kan doen. Jy moet almal se sorge op jou neem en steeds sterk wees. Jy moet die kind onvoorwaardelik liefhê sonder om seergemaak te voel wanneer jy nie dieselfde behandeling terug ontvang nie. Jy gaan baie min of geen erkenning kry nie en moontlik gaan jy baie teenstand kry, dit moet nie jou moed breek of terughou nie. Wanneer dit voel of die lewe te veel word, weet jy waar jou krag en jou hulp vandaan kom. Jou hulp is van die Here wat die hemel en aarde gemaak het – soos beskryf in <u>Psalms 121:2</u> – *“My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.”*

Niemand gaan verstaan wat jy alles alleen moet verdra en watter stryd jy moet stry nie. Niemand ken jou pyn en jou smart nie. Niemand sien jou trane nie, net Jesus Christus sien dit en daarom kan jy jou kragte slegs by Hom kry. Jou geloof moet baie sterk wees en die gawes van die Gees soos in <u>1 Kor 12:8-10</u> beskrywe is, sal vir jou waardevol wees – *“'n woord van wysheid, 'n woord van kennis, geloof, gesondmaking, werkinge van kragte, profesie, onderskeiding van die geeste, allerhande tale en uitleg van tale.”*

Jy gaan laat nagte skoolwerk doen. Jy gaan kinders gereed kry vir skool, sorg vir skoon en gestrykte klere en stukkende klere heelmaak. Jy gaan sere versorg, maniere leer, wasgoed was huisskoonmaak en kos maak. Jy moet ‘n sagte hart hê, tog kwaai maar liefdevol wees. jy moet vreugde versprei met jou warm en sagte hande wat uittoring bo die res.

Jy is die gom van die familie wat almal bymekaar hou. Jy gaan die kinders van Jesus leer en hulle leer om in Sy voetspore te volg. Jy gaan alle kinders dieselfde behandel – myne joune en ons sin.

Jy sal met min of geen geld alles moet doen. Jy gaan moet sorg vir padkos wanneer hulle op uitstappis gaan, kosblik vir skool, ens. Jy kan probeer om die kinders te leer om hulle eie kosblikke te maak. Dit sal jou baie help om sulke werkies en belangrike take te deligeer, maar ek belowe niks! Resultate word nie gewaarborg nie.

Jy moet elke kind verstaan op sy eie manier. Sy foute verbloem, en die beste in hom uitbring en deur voorspoed en teëspoed jou leeftyd lojaal aan sy sy bly staan.

Jy sal jouself moet misken terwille van die kind en op jou knieë trou aan jou belofte aan God bly staan.

Jy moet die daaglikse roetine volhou - dit is nou buiten ongelukke, mediese raad, huishoudelike veranderings, kruideniersware koop of enige ander behoeftes

Jy moet konstante aandag gee, en soms deur nie nag wakker bly.

*Dink op jou voete!*

**DIE ROL AS MA**

'n Ma se liefde is onvoorwaardelik, Ma's is kinders se 1ste onderwyseres, Ma's gee hoop, Ma's ken hul kinders van binnekant tot buitekant uit, Ma's is fondamente en pilare.

Dit maak nie saak wat jy doen of hoeveel keer jy mors of slegte besluite maak nie, sy altyd lief wees vir jou. Daar is nie baie mense in die wêreld van wie jy dit kan sê nie.

Ma's spandeer meer tyd saam met hul kinders en bou 'n sterker band met hulle. Die hormoon oksitosien laat moeders toe om meer effektief met hul kinders te bind as vaders. Solank die kind by die ma is, voel hy veilig.

Daar gaan tye wees wat jy baie kwaai moet wees om die kinders te leer sodat hulle as opgevoede en gemanierde volwassenes die volgende generasie se leisels by jou kan oorneem. Kinders se natuur is om hul grense te toets. Dit is 'n uitdaging vir die kind om te "live on the edge" Dit is deel 'n belangrike deel van hulle groei na onafhanklikheid sodat hulle eendag vir hulleself kan dink goeie keuses kan maak. Jou missie moet wees om die kind te leer hoe om jou grense eerbiediglik te toets, sonder om kwaad of uitdagend te wees. In die mag stryd moet jy as ouer 'n duidelike wenner wees.

Jy moet die kind leer om sy mening en behoeftes op 'n mooi en respekvolle manier uit te druk. Jy moet duidelik wees oor die grense sodat hy mooi verstaan. Jy moet konsekwent wees en volg slegte gedrag op. Wees voorbereid om dieselfde opdrag telkemale te herhaal.

Prys wanneer hy goed en reg gedoen het. Jy moet realisties wees en ook seker maak daar is nie ander redes vir sy swak gedrag nie, soos bv hy is siek of voel nie lekker oor iets nie. 'n Ma moet die kind so goed ken dat sy presies wees wat in sy kop aangaan. Is dit moontlik? Ja sowaar as vet, dis net 'n Ma wat dit kan doen.

Kinders is geneig om so na as moontlik aan die grense te kom. Moenie sleg voel wanneer jy kwaai is en die kind moet dissiplineer nie. Die kind het nodig om te weet dat die reëls nie oortree kan word nie, dis alles deel van die opvoedingsproses. Jy maak die kind groot om 'n selfstandige, opgevoede volwassenes met integriteit te wees.

Jy moet met dade en voorbeelde die kind leer en min woorde gebuik. Jy moet hulle meer aanmoedig en minder kritiseer. Jy moet opreg wees en kwaliteit tyd saam met hulle spandeer. Jy moet hulle leer om selfstandig en verantwoordelik op te tree.

Leer hulle om hulle eie besluite te neem. Jy moet die kind se liefdestaal leer en verstaan en toepas. Jy moet hulle leer van morele waardes en hulle leer om minder op materialistiese dinge staat te maak.

Jy moenie die kind minderwaardig laat voel deur hom te vergelyk met 'n ander kind nie. Help hom om aan sy eie identiteit te bou. Leer hom om sy eie opinie te vorm en help hom 'n denkproses van sy eie te hê. Jy moenie die kind oordeel as hy verskillende opinies het nie.

Jy moet alles moet verantwoordelik doen deur te onderskei tussen goed en sleg en reg en verkeert.

*"Dit is nie maklik om 'n ma te wees nie, want as dit was, sou vaders dit ook gedoen het."*

**KWALIFIKASIES BENODIG:**

Al die volgende kwalifikasies word benodig vir die posisie. 'n Graad of ekwivalente kwalifikasies in

APTEKER, Arbeidsterapeut, Beplanner, Berader, Verpleegster, Stilis, Besigheidsbestuur, Konflikbestuur, Kunstenaar, Organiseerder, Persoonlike Assistent, Projekbestuur, Prokureur, Regter, Life Coach, Haarkapper, Finansiële Beplanner, Fotograaf, Huishoudster, Fisioterapeut, Onderwyseres Uitvinder, Sekretaresse Huishoudings bestuurder, Gasvryheidsbestuur, Geestelike gids, Versorger. Kok, Gesondheidsbestuur, Handyman, Joernalistiek, Maaltydbeplanner, Sielkundige, Emosionele berader, Dieetkundige, Chauffeur, DOKTER,

Indien moontlik sal dit 'n bonus wees as jy kan TELEPORT. Dit meen jy moet op paar plekke gelyktydig wees.

Nog ander kwalifikasies sal jou baie help met die posisie.

**Werksomstandighede**: Moet bereid wees om in 'n chaotiese omgewing te werk. Jy moet kan kophou en veral presteer onder geweldige spanning.

**Werksure:** Jy moet altyd beskikbaar wees, dws 24 uur per dag, 365 dae per jaar – onmeetbare toewyding.

**Verlof en vakansiedae**: Geen vakansie dae, rustyd, aftyd of persoonlike tyd nie. Geen tyd om te slaap nie.

**Rustyd of aftyd:** Geen

**Bedanking**: kan nie bedank of touopgee nie. Glad nie. Jy is lewenslank verbind.

**Salaris:** Geen salaris - inteendeel, dit wat jy het moet jy ook bereid wees om te gee of uitdeel. Jy kan niks vir jouself hou nie. Ekonome het bepaal dat alhoewel jou waarde in geld onmeetbaar is sou jy plus minus R3 miljoen per jaar verdien het indien jy vir 'n baas sou werk.

**Bydrae**: Jy moet met min of niks kan klaarkom. Inisiatief aan die dag lê om van niks iets te maak.


**Mobiliteit**: Belangrik om kennis te neem dat die posisie vereis dat jy die meeste van die tyd gaan staan. Sit of selfs lê is buite die kwessie. Slegs in uitsonderlike gevalle, maar dan gaan dit ook baie moeilik wees.

**Stamina:** Baie hoë vlak van stamina benodig!

**Etes**: Jy kan slegs eet wanneer die kinders en metgesel klaar geëet het.

**Siekverlof**: Geen

## EIENSKAPPE VAN ‘N MOEDER




Die volgende is ‘n moet vir die posisie. Al die eienskappe is ingebou in ‘n Moeder. Slegs ‘n Moeder sal vir die pos aansoek kan doen.

Jy moet groot hart hê, plek vir baie. Baie initiatief aan die dag kan lê. Altyd die vrug van die Gees beoefen. Dit is: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Almal is altyd belangrik. Jy kan nooit een van hulle nie doen nie.

Jy gaan van nou af net ‘n Ma wees, nie meer Salóme, my vriendin of my vrou nie. Jy moet reeds weet wie jy is want daar gaan nie tyd wees om jouself te vind nie. Jy gaan ook nie meer tyd hê vir jouself nie. Jy moet klaar alles weet.

Jy moet sag wees, maar tog sterk, rustig, maar tog energiek, Die brein van die gesin wees.

Jy moet kan vergewe en vergeet!

Jy moet uitstekende onderhandeling en interpersoonlike vaardighede hê.

## JOU PLIGTE GAAN DIE VOLGENDE ALLES INSLUIT:

**Aktiwiteite direkteur AKA Aktrise:** Wanneer kinders verveeld is, moet jy met briljante idees vorendag kom. Jy moet hulle aanmoedig om te speel. Jy kan hulle vermaak deur saam met hulle te sing, klavier of kitaar speel, kleuterrympies op te sê of soos ‘n nar aantrek en snaakse toertjies doen. Jy kan grappies vertel of hulle leer wawiele en bommelaksies maak. Jy kan selfs boeresport, resies hardloop, krieket speel of selfs talentkkompesities hou. Belangrik om ingedagte te hou is dat jy sal die voorbeeld moet wees. Kinders leer by jou. Sodoende leer hulle hoe om hul tyd op produktiewe, effektiewe maniere te bestuur.

**Apteker:** Kinders het altyd medisyne nodig. Hetsy dit natuurlike medikasie is of ‘n disprin en pleister. Jy gaan moet weet wat om te gee vir maagpyn, koors, bosluisbyte, snywonde, af-velle van knieë, dorings in voete, splinters en geroeste spykers, gebreekte arms en die lys is oneindig lank.

**Arbeidsterapeut:** Jy sal die kinders moet leer praat. Hulle moet hulle woorde reg uitspreek en die woorde in die regte volgorde gebruik. Dan moet jy hulle leer “r” en “l” sê sodat ander mense hulle kan verstaan, anders gaan jy altyd die tolk moet wees. tot die kind verstaanbaar gaan praat gaan jy die enigste een wees wat verstaan wat hy probeer sê. Almal met wie hy praat gaan vir jou vra ”wat sê hy”? Dan moet jy vertaal.

**Badkamerhelper of te wel “Potty trainer”:** Hier moet jy baie geduld aan die dag lê. Jy moet weet wanneer die kind gereed is om sonder ‘n doek te gaan slaap, want haal jy die doek voortydig af, gaan die kind jou beddegoed en matras natmaak. Dit maak baie meer ekstra werk vir jou waarvoor jy moontlik nie tyd gaan hê om skoon te maak nie. Dan sit jy met groot stink gemors aan die einde van die dag. Die volgende stap is om hulle te herinner om badkamer toe te gaan en saam met hulle te wag totdat nommer 1 of nommer 2 gedoen en verby is. Dan na elke badkamerbesoek moet jy nog help om die boude af te vee. Dit is een van die privaathulpe wat jy lank gaan verskaf. Nie enige een sal dit mag doen nie, so jy is die enigste een wat die situasie gaan en kan hanteer.

**Beplanner AKA Persoonlike assistent:** Jy moet kan beplan, van speeldatums tot doktersafsprake, van skoolgeleenthede tot naskoolaktiwiteite, van vakansies tot uitstappies en enige aantal ander

geleenthede, gebeurtenisse en take. Jy moet alles skeduleer, beplan en hulle soontoe neem en weer terug bring of gaan haal! Die reëlings daaraan is geweldig, maar jy sal dit kan doen. Die kinders moet pret hê en besig gehou word. Jy gaan moet “cupcakes” bak en lekkergoedboksies maak vir speelafsprake en verjaarsdae.

**Berader:** Kinders kom na hul ma's wanneer hulle 'n toets gedruip het en as hul hart gebreek is. Jy moet alles los waarmee jy besig is om te troos, motiveer en raad te gee. Die kind moet getroos word, jy moet drukkies gee, baie soene en ‘n menslike kussing wees. Partykeer gaan dit vinnig en partykeer vat dit dae. Die vinnige een is wanneer die kind geval het en seergekry het. Dan kan jy die seerplek soen en pleister opplak. Die dae lange ene is gewoonlik wanneer hulle geboelie word by die skool en jy dit nie dadelik uit hulle kan trek nie. Jy kom agter iets is fout, maar kan nog nie die foutt identifiseer nie. Daar is baie wat deur jou kop gaan maar eers moet jy spioeneerwerk doen en uitvind wat agter die skerms aangaan. As dit ‘n seun is gaan jy baie moontlik nie die hele storie van hom hoor nie, want hy het mos ‘n ego en is trots en wil nie klein wees nie. ‘n Dogtertjie sal vinnig sê. Sy hou meer daarvan om te gesels en alles in haar hart te deel. Sy hou ook daarvan dat jy die skoolhoof gaan sien en die situasie daar en dan uitsorteer. Dit is alles goed wat jy sal moet beredeneer en besluit wat is die regte ding om te doen. Gewoonlik het jy baie min tyd om uit te vind, te bedink en te doen. Hier is een van die tye wanneer jy op jou voete moet dink. Want tyd is min en die lewe gaan aan. Jy kan selfs gebroke harte genees deur net die regte ding te doen. Die regte ding wat jy moet doen hang van die kind se temperament en persoonlikheid af. Jy is die enigste een wat dit gaan weet want dit is iets wat jare vat om agter te kom. Jy is die enigste een wat kan help met ‘n gebroke gees en die kind leer hoe om 'n vreugdevolle toekoms te vorm.

**Besigheidsbestuur:** Die hele huishouding moet bestuur word. Alles wat moet gebeur en gedoen word hang van jou af. Niks gaan gebeur indien jy dit nie beplan en bestuur nie. Wees verseker dit is nie ‘n maklike taak nie. Dit is ‘n groot taak wat op jou skouers is, om sodoende die hele huishouding glad te laat verloop. Maak jy ‘n fout dan is almal op jou en jy staan alleen. Om dit te verhoed moet jy probeer om van jou take te deligeer. Dit is ook nie so maklik nie want jy kan jou werk verdubbel deur take uit te deel wat jy in elk geval moet oordoen.

**Binnenshuisversiering:** Jou huis is die plek waar die kinders gevorm gaan word. Hier moet hulle tuis voel, gelukkig en hartseer oomblikke ervaar. Jou huisie moet mooi vir jou wees soos ‘n vrou haar huisie wil hê, maar tog prakties. Met kinders is dit baie moeilik om jou huisie altyd mooi en skoon te hê. Dit sal lank ‘n begeerte by jou wees om net vir een dag ‘n skoon huis te hê. Maar hier kom die opoffering, wil jy skoon huis hê of wil jy gelukkige huisgesin hê? Ek glo die laaste een is tog op die ou einde die belangrikste, want vrede en geluk doen dinge aan ‘n huis. Net ‘n moeder kan die huis warm en leefbaar maak.

**Borsvoeding**: Jy sal moet tyd maak om te borsvoed, want onthou borsmelk, *of te wel “vloeibare goud”,* gee die kind ‘n groot voorsprong in die lewe. Hier dink jy nou nie net aan jouself nie, hier dink jy aan die kind. Mag ek net byvoeg – ek wonder waar word enige iets vermeld waar die mamma aan haar self dink? Sy het nie eens tyd om lipsalf aan haar droë lippe te smeer nie. Skuus, ek wou maar net noem.

**Chauffeur**: Wees gereed om enige tyd enige plek heen te gaan. Veral op die onmoontlikeste tye en tye wanneer dit die mees ongeleë is. Jy moet hulle skool toe, dokter en tandarts toe, sportaktiwiteite, dans, gimnastiek, musieklesse, speelafsprake toe neem. Intussen moet jy nog winkel toe om kruideniers te gaan koop. Haarkappers, mooi naels en nuwe klere is uit, jy gaan nie tyd hê vir dit nie. Gebruik dan liewer die geleentheid om elke rit te verander in 'n geleentheid om met die kinders te gesels, nader aan mekaar te groei en meer van hulle te leer.

**Dieetkundige en Kok:** Jy sal elke kind se smaakkliertjies moet leer ken. Wees verseker jy gaan verskeie maaltyd planne moet opstel en gaan elke dag 2-3 maaltye voorberei. Onthou die verskeidenheid. Dit mag nie vervelig wees nie. Om hulle te laat eet sal jy ‘n fynproewerskok moet wees, selfs ‘n dubbele sjef, pizzeria-sjef, peuselhappie-sjef, kelnerin kwalifikasie sal help. Jy moet weet hoe om maaltye voor te berei net die kinders van dit hou. Elke kind het sy eie eet idees. Party hou daarvan om hulle kos vir die arme hondjie te gee wat altyd honger is en wat nooit kos kry nie. Ander eet nie groen of oranje nie, ander eet nie as die verskillende kosse aan mekaar raak nie en ander eet dit alles deurmekaar gemeng. Jy sal moet uitvind hoe elkeen van sy kossies hou en dit so voorsit. Die maak maar net die lewe vir jou baie makliker. Soms sal die een kind mal wees oor die maaltye wat jy voorberei

en die ander kind sal dit haat. Die meeste van die tyd, wurg hulle eenvoudig die kos wat jy voorberei het in, net om weer te kan gaan speel. Soms sal jy die gekoesterde "dankie" ontvang. Om daardie twee woorde te hoor, sal elke maaltyd wat jy al ooit voorberei het, die moeite werd maak.

**Dokter**: Om vir alles dokter toe gaan, gaan daar nie genoeg geld of tyd wees nie. Jy sal moet instaan as dokter en die kind se beserings evalueer. Slegs in uiterste gevalle of noodgevalle kan jy na ‘n dokter toe gaan wat papiere het. Intussen is jy die dokter sonder papiere en gaan baie leer soos die kinders groter word.

**Finansiële bestuurder:** Jy moet help om die finansies te bestuur en die kinders ook te leer om dit te doen. Balanseer die koste van kruideniersware, skoolaktiwiteite en klere, sowel as ander huishoudelike uitgawes. Al die rekenings moet betaal moet word plus nog lekkernye om bietjie te bederf. Onthou om te spaar vir hulle studies eendag. Dit kan onbekostigbaar wees die dag wanneer hulle wil gaan studeer.

**Fisiotarapeut**: Jy is ‘n “all-in-one’er”. Masseer seer spiere en doen oefeninge. Dink aan die fyn motories en grootmotories ontwikkeling van die kind se bene, spiere en die vermoë om te beweeg. Jy moet hulle help om pyn, balans, mobiliteit en hulle motoriese funksie te bestuur. Jy moet hulle ooghandkoördinasie leer want dit beivloed hulle motoriese vaardighede. Indien dit nie versterk word nie kan die kind sukkel om te konsentreer en kan later probleme ondervind om belangrike sake te begryp asook om te kan mik en afstand te bepaal. Omdat fyn motoriese vaardighede met lees en skryf geassosieer word, kan mense met swak ooghandkoördinasie sukkel om te lees en te skryf. Later sal dit veroorsaak dat hulle met 'n leergestremdheid gediagnoseer word en dit wil jy nie hê nie. Jy wil mos net die beste vir die kind hê, nie waar nie!

**Foto & Videograaf:** Jy is beslis die hoof Instagrammer. Dit meen jy sal fotos en videos moet neem sodat jy hulle grootword kan vaslê op kamera vir almal om te sien wat later daarna wil kyk. Op daardie stadium gaan jy beslis nie gewild wees nie, maar glo my – ek praat uit ondervinding – later gaan hulle jou wil betaal vir daardie beeldmateriaal. Indien jy ‘n foto-album maak, moet jy die fotos gaan ontwikkel en dit in die foto-album plak. Miskien het jy lus of tyd om ‘n ”scrap book” te maak met allerande lintjies en plakkers en glinstersteentjies. Dit is iets wat jy eerder sal kan doen wanneer die kleinkinders daar is.

**Handyman:** Oftewel Handige vrou. Wat breek sal jy moet regmaak, soos speelgoed, ens. Kinders breek goed maklik. Wanneer hulle met hulle fiets teen hulle Pa se kar vasjaag en die agterliggie breek is die verantwoordelikheid op jou om dit vinnig te herstel voor Pappa daarvan uitvind. Jy moet die kind beskerm teen ‘n hewige loesing. Gaan vinnig winkels toe en koop ‘n nuwe liggie. Sit hom in - dit is al manier.

**Huishoudster:** Wees gereed ook vir enige ongewone skoonmakery. Die moontlikheid van tornados tot krummels, modderhande tot duwweltjies sal deur jou huis waai. Konstante skottelgoed en wasgoed sal jou help om beter te voel as jy die onthou: *Wash your troubles away*

Jy gaan planne moet maak en nuwe idees uitvind om te doen om jou sinne te bewaar. Jy gaan die geleentheid kry om allerhande gemors skoon te maak—klere wat op die vloer gelaat word, koppies wat in die sitkamer gelaat word, gemorste kos, vuil doeke, braaksel, die lys gaan aan. Maar eendag kan die kind dalk help om die kombuis skoon te maak en, wel, hierdie is net wensdenkery… Dan is daar die kinders bad, kinders kosgee, wasgoed was en ophang en afhaal en opvou en wegpak. Hulle haal die vlekke uit, hou die kleure helder en hou die klere sag. Die lewe het 'n skoon begin nodig!

**Gasvryheidsbestuur:** Gaste en die kinders se vriende wat kom kuier moet onthaal word. Lekker kuier, lekker kossies en ‘n skoon huis is al wat hulle wil hê. Dis maklik, doen dit vinnig-vinnig, jy kan mos. Alles is onder beheer.

**Geestelike gids:** Die eerste wat die kinders leer van God se hart is om op te kyk na jou as Moeder. Hulle leer vergifnis, vriendelikheid, onvoorwaardelike liefde, GEDULD, deursettingsvermoë en die baie belangrike selfbeheersing by hulle Moeder. Dit gaan jou amper die enigste kans en geleentheid bied om self geestelik te groei. Die kinders gaan God se karakter ken en dan ook kinders van karakter word. Kinders hou jou naby Jesus en op jou knieë. Leer hulle die belangrikste vers in die Bybel, die kortste vers, Onse Vader, Ps 23 ens ens ens. Leer die kinders bid en sing baie liedjies oor Jesus en leer hulle die woorde. ***PS*** *– Jy sal die woorde self moet leer en ken!!* Alles wat hulle gaan weet oor Jesus se

liefde en wat Hy aan die kruishout vir ons gedoen het, gaan hulle by jou leer. Groot taak en groot verandwoordelikheid lê op jou skouers. Jy moet ook die voorbeeld wees en moet alles presies doen soos jy hulle leer.

**Gesondheidsbestuur:** Higiëne is een van die belangrike goed wat kinders moet leer. Hulle moet leer om hulle hande te was, te bad en skoon te wees. hulle kan nie net altyd vuil wees nie. Hulle sal vir jou sê dat daar geen nut is om nou hande te was nie, want hulle gaan nou weer in die modder speel en dan is hulle hande weer vuil. Moenie dat hulle jou ompraat nie, higiëne is noodsaaklik vir jou want dit spaar baie tyd. Hoe spaar dit tyd? Hulle gaan nie onnodig siek word nie. Dis hoe! Jy het nie ekstra tyd op jou hande om onnoddige siektes en siek kinders ook te behandel nie.

**Haarkapper:** Daardie hare wat net aanhou groei en groei en in die oë hang en wat gekam en gewas moet word. Spaar baie tyd deur die hare mooi kort te knip en vas te maak. Slierte wat in die oë hang is onprakties, want die kind kan nie sien nie en sal sommer vir niks uit die boom val. Dit wil jy nie hê nie. Agge nee wat. Sny sommer daardie hare self! Jy spaar baie tyd deur die hare self te knip, want om haarkapper toe te gaan is onderneming vir ‘n ander tyd. Jou taak gaan natuurlike later baie moeiliker word wanneer die onderste hare korter moet wees as die boonstes en jy dit in die nuwe moderne styl sal moet sny. Jammer hoor, jy sal dit moet doen, want dit is of dit of slierte, want haarkapper toe gaan is daar nie tyd voor nie.

**Joernalistiek:** Allerande oulike sêgoed en dingetjies wat die kinders doen terwyl hulle grootword moet jy neerpen. Jy moet al die aktiwiteit, nuus en inligting versamel. Eendag gaan jy dit lees en terugdink aan die tye toe die kind grootgeword het, moontlik gaan jy dit dan eers geniet.

**Konflik en krisishantering**: Kinders het konflik met vriende, broers en susters en selfs hul ouers. Jy sal die vreugde hê om die kinders te help om die vaardighede van luister, onderhandeling, kompromieë en probleemoplossing aan te leer – vaardighede wat hulle vir 'n leeftyd sal baat. Jy moet krisisse kan hanteer. Dit sluit gevaarlike situasies ook in soos wanneer om ‘n kompromie aan te gaan en wanneer nie. Jy moet weet wanneer word jy gemanupileer en wanneer nie. Jy moet kan streng wees met baie liefde. *Makliker gesê as gedaan!*

**Kruideniers Aankoper:** Wat eet wie en wie eet wat! Klink maklik genoeg. Koop net te min van dit waarvan hulle hou dan moet jy weer ry en gaan koop, want om te wag tot die einde van die maand gaan te lank wees. Die kind sal net eenvoudig weier om te eet en dan sit jy met ‘n geraamte. O weë!

**Kunstenaar**: Jy moet ‘n verbeelding hê soortgelyk aan ‘n ingenieur of ‘n profesionele kunstenaar. Jy moet idees optower in ‘n oogwink. Jy moet kan verf, speletjies kan uitdink, konserte hou, talentkompetisies en boeresport kan doen. Jy moet paper kan omtower in kunstige voorwerpe en dit vou om beide tweedimensionele en driedimensionele onderwerpe te skep. Kan jy dit doen? Het jy geweet van so iets? Nou ja, daar is nie beter tyd as <u>nou</u> om te leer nie, of hoe! Wat van kunsverf, waterverf of olieverf. Hou net die oorjakkie byderhand, dit kan groot gemors afgee.

**Leunverklikker:** As daar nou een ding is waarin jy moet goed wees, is wanneer om te weet die kind jok. Partykeer sal jy net om sekerheid te kry bereid wees om jou feite te kontroleer, soos wanneer die kind sê dat dit nie hy was wat op die muur met Mamma se listiffie geteken het nie.

**Lewensredder:** Jy gaan moontlik die meeste van die kere die kinders self moet leer om te dans, te swem, te sing, asook rygby, netbal of sokker te speel. Hoe om rek te spring, hoe om tou te spring en hoe om hindernisbaan op te stel. Dit sluit choreografie ook in. Wnneer jy die kind leer swem, en dit lyk of hy wil verdrink, moet jy hom gaan red. Jy moet sonskerm toedien om seker te maak die son verbrand hom nie te veel nie. Partykeer sal dit noodsaaklik wees om jou lewensredderposisie in te neem om die kind uit die boom te gaan haal. Party noodgevalle sluit in om die kind voortydig by die maatjie te gaan haal wanneer hy besluit hy wil nie meer daar speel nie.

**Life Coach:** Dit is ‘n lewensafrigter in Afrikaans. Ook bekend as die amateurkindersielkundige, die terapeut wat na almal luister. Baie belangrik vir grootmense, maar kinders het ook ‘n lifecoach nodig. Gewoonlik kies hulle nie om met die Ma oor diep dinge te gesels nie, maar omdat die Ma hulle so goed ken vat dit nie lank nie dan kom hulle met die hele sak patats vorendag.

**“Multitasker”:** Jy moet 3-4 dinge gelyk kan doen. Terwyl jy besig is om kos te kook, moet jy kan help met huiswerk en seertjies versorg en pleisters opplak, die kinders wat ‘n geveg het uitmekaar hou en die skoolklere vir more stryk – om maar net ‘n paar dinge wat gelyk moet gebeur, te noem.

**Ondersoeker:** Belangrik om ‘n oog te hê vir verlore goedere. Dit kan bekend of onbekende goed wees. Ma’s is die enigste persoon in die hele huis wat presies weet waar jy dit gebêre het. Die kind weet self nie waar hy dit gebêre het nie. Dit is slegs weg, wanneer Ma dit nie kry nie.

**Onderwyseres:** Baie belangrike taak wat behels om te help met huiswerk, om te manier te leer, om morele waardes te leer, verduidelik reg en verkeerd. Jy moet die kind alles leer – en ek bedoel alles. Wanneer jy kook, leer jy die kind nie net om te kook nie, maar ook basiese wiskunde. Jy moet hulle leer oor verhoudings, en probleemoplossings. Meer nog, jy moet die kind leer hoe om te dink! Eintlik leer jy die kind hierdie dinge sonder om eers te weet dat jy dit doen. Dan is daar al die dinge wat hulle doelbewus leer – dinge soos lees, hoe om skoon te maak, hoe om wasgoed te was, hoe om huis te hou, ensovoorts. Jy sal ook alles moet weet, maw ‘n Mamma ensiklopedie wees. Jy sal die regte antwoord op al die hoekom's in die wêreld moet hê, en glo my jy sal reg moet wees anders word jy bevraagteken. Jy sal alles moet weet, al die hoe's en al die waar's, wie's en wat's. Doen voortydig navorsing oor die vrae wat gaan kom. Ma’s is “physic”, hulle weet wat die kinders gaan vra.

**Organiseerder:** Alles in die huis kom op ‘n spesifieke plek sodat elkeen weet waar dit is en dit “hopelik” weer daar bêre vir die volgende ou om te gebruik. Skeduleer die huishouding, wanneer gebeur wat. Basies word almal se lewens namens hulle georganiseer. Dink net wat se chaos dit sal wees as hulle dit self moet doen. ‘n Humongous disaster.

**Partytjiebeplanner:** Beplan en organiseer verjaardagpartytjies. ‘n Ander woord is ‘n kreatiewe genie! Dit vat baie uit ‘n Ma. Jy moet die regte vriende nooi en partykeer wil die vriende se Ma’s ook saamkom. Dan moet jy ‘n grootmenspartytjie hou vir die Ma’s ook. Hou dit maar ingedagte. As die kind besluit op ‘n spesifieke tema, word alles volgens dit beplan. Al kos dit meer geld, dit is wat jy moet doen.

**Reëltoepasser**: As reëlmaker gaan jy moontlik ongewild wees. Dis natuurlik baie belangrik om die balans te behou. Jy kan nie net altyd gewild wees nie. Haal diep asem voor jy reageer wanneer reëls nie gevolg word nie sodat jy ingeligte besluit kan neem of dit aanvaarbaar is of nie en hoe gaan die straf uitgevoer word.

**“Psychic”**: Jy moet kan gedagtes lees, die kind se behoeftes raai en die toekoms voorspel. Jy sal dit mettertyd beter kan doen sodra jy die kind beter leer ken en ‘n idee te hê watse kattekwaad hy volgende beplan. Onhou van jou oë agter jou kop en gebruik dit!!

**Skeidsregter:** Staan ook bekend as gevegopbreker of bemiddelaar. Die grootste hiervan is die tantrum-temmer. Oe la-la sterkte vir daai ene!! Sovêr is daar nog geen vasgestelde reël hoe om die tantrums te hanteer sodat die kind iets positief daaruit leer nie. Elkeen is uniek en jy is die enigste een wat dit gaan kan uitsorteer. Sorry!

**Slaapafrigter of slaaponderhandelaar.** Jy moet idees gereed hê wanneer die kind nie wil slaap nie. Is daar monsters onder die bed en gaan geel verf hom wegjaag? Of kom nagmerries kuier? Dink aan unieke planne om die gediertes weg te hou.

**Stilis**: Klere aankoper en sorg dat die regte seisoen klere beskikbaar is. Asook die regte klere vir die regte geleentheid, soos plaasklere, modderspeelklere, partytjieklere, “dress-up” klere, kerkklere, ens ens ens…Klere wat hulle van hou en nie van hou nie. Jy gaan baie keer moet wegkyk oor hulle smaak van klere. Niks pas bymekaar nie en die geleentheid is verkeert, maar dis deel van die unieke grootwordproses waarmee jy besig is. Sterkte!

**Tandhigiënis**: Sonder jou sal die kind se tande vrot wees. Jy is verantwoordelik dat die kind sy tande borsel en skoon hou. Jy moet hom help om tandepaste op te sit en te wys hoe hy moet borsel. Jy moet baie geduldig wees want die proses kan maande duur voor hy dit self en deeglik kan doen. Jy moet ook seker maak dat die kind die Tandarts gereeld besoek om die stel tande wat sy hele lewe lank moet hou opgepas word.

**Towernaar**: Jy gaan ook bekend staan as Kersvader, die Tandefeetjie, die verjaarsdagtowenaar. Mamma, jy is wonderlik!

**Troeteldierversorger**: Jy moet bereid wees om die kind se troeteldiere te versorg. Al het hy hand en mond belowe dat wanneer hy die diertjies kry, self sal versorg, met hom gaan stap, maniere leer en bad. Jy gaan tog te jammer wees vir die katjie wat nooit kos kry nie en dit self begin doen. Dit word nou jou werk!

**Verpleegster:** ‘n Ma se soene maak stukkende knieë en seerplekke gesond. Wanneer die kind siek is moet jy kyk of hy koors het en dan medisyne gee. Jy gaan weet wanner die kind kasterolie of ‘n disprin nodig het. Sit die kind in die bed en maak hom gemaklik. Gebruik jou doktersgraad as agtergrond en dokter die kind gesond. Op die lang termyn doen jy as moeder waarskynlik baie meer as jou gemiddelde dokter en dit vir geen betaling!

**Wêreld veranderaar**: Dit is die mees onderskatte taak wat 'n ma vervul. Dit neem 20 jaar om 'n kind groot te maak, 20 jaar om hulle “beskaaf” te maak of in anargie te laat verval, 20 jaar om hulle karakter te help vorm. ‘n Ma het haar baba vir 1 jaar, haar kleuter vir 2 jaar, haar voorskoolse kind vir 3 jaar, haar laarskoolkind vir 6 jaar en ‘n tiener vir nog 8 jaar. Daarna gaan haar kind aan met sy eie lewe. Die belangrikste wat jy die kind kan leer is respek, dankbaarheid, eerlikheid, respek en deernis. Integriteit word by die moeder geleer en vervul daarom 'n groot rol in hierdie opleiding.

Moeders verander die wêreld met elke kind wat hulle grootmaak.

**Winskoopjagter:** Om alles te kan koop wat jy nodig het en daar nie genoeg geld gaan wees vir alles nie sal jy baie inisiatief aan die dag moet lê of jou towenaarvaardigehede hier moet loslaat. Winskope is goeie alternatief. Jy gaan moet geld spaar waar jy kan. Onthou ook dat die kinders eendag moet gaan studeer, so daar moet geld weggesit word vir hulle studies eendag.

**OPSOMMING**

Dit is ‘n onmoontlike opdrag. Maar God het ons gemaak en biljoene mammas oor die wêreld kry dit reg. Nie alleen nie, maar slegs met God se hulp. Mammas is engele, ek is seker, want hoe anders gaan jy dit regkry. Daar is net nie ‘n kans nie.Sê vandag dankie vir jou Mamma! Sy het impak op jou gemaak. Sy is indrukwekkend, ontsagwekkende, besig en talentvol.

Kinders bring ons naby aan ons Vader. Ons leer so baie van sy liefde en kan dit toepas om ons kinders te leer. Ek sal baie verskillende rolle in die lewe speel, maar die rol van Ma is een van my grootste en belangrikste rolle. Ek hoef nie 'n perfekte ouer te wees nie, ek moet net MY kind se ouer wees. Ek is die een wat God spesifiek geskep het om hom af te rig, te versorg en sy geestelike gids te wees.

Jy is ook daardie geskenk aan die kinders. Jy is die perfekte moeder, presies die regte een, deur God gekies om fisies, emosioneel en geestelik vir hulle te voorsien. Ek weet om 'n ma te wees kan uitputtend en ondankbaar wees, maar hou kop bo water sussie, jy doen 'n massiewe en onmisbare en mooi dinge net deur 'n ma te wees. Moeders het een van die invloedrykste, belangrikste en moeilikste werke ter wêreld. Manne, kom ek daag jou uit, oorweeg net sommige van die pligte wat jou vrou op 'n daaglikse basis uitvoer, en dan praat ons weer!! Ek glo in my hart dan sal mans hul vrouens met ‘n besonderse liefde meer liefhê en op die hande dra.

**GEBED VIR MY MOEDER**

Ons Hemelse Vader, baie dankie vir die juweel van 'n moeder wat U vir my gegee het. Nooit sal ek kan terug betaal vir alles wat sy vir my doen en beteken nie. Haar onselfsugtige sorg en beskerming, haar luister en omgee. Niks is ooit vir haar moeite nie. Geen geld kan betaal vir haar sagte woorde en wysheid nie. Dankie dat sy net altyd die beste in my raaksien, my ondersteun en inspireer. Dankie dat sy my van U geleer het en ‘n toonbeeld is van U onvoorwaardelike liefde. Here, seën haar asseblief spesiaal vandag. Slaan U sterk arms om haar en hou haar net styf vas. Troos haar wanneer sy eensaam of hartseer is. Wees altyd haar Voorsiener, Geneesheer, Beskermer en Helper.

Vader, ons bid ook spesiaal vir hulle wie se moedertjie reeds oorlede is. Vee hulle trane af en troos hulle soos U dit alleen kan doen.

Dankie daarvoor in die Naam van JESUS. Amen.

*Die volgende stap is Ouma wees. Wat ‘n voorreg!!*

**INTERESSANTE FEITE:**

**Lys van eienskappe wat van moeder geërf word**

- Linkshandigheid
- Seuns kry hul intelligensie van hul moeders erf en dogters van albei ouers. Seuns se IK verskil gemiddeld 15 punte van hul ma's.
- Bloedsuiker (diabetes)
- Ons mitochondriale DNS (chromosoom vir energieproduksie en ander metaboliese funksies.)
- Die gewig van 'n kind hang uitsluitlik van hul ma af.
- Slaapstyl
- Lyme-siekte (skaars inflammatoriese siekte wat deur bosluise veroorsaak word)
- Dwelmverslawing
- Bloedgroep (50%)
- Hashimoto se siekte (skildklier)
- Haartipe

**Lys van eienskappe wat van die vader geërf word**

- Die geslag van die toekomstige baba hang van die vader af
- Oogkleur
- Haarkleur
- Hoogte
- Kuiltjies
- Vingerafdrukke
- Lippe
- Tande struktuur
- Geestesversteurings
- Hartprobleme
- Onvrugbaarheid
- Vaders beïnvloed die lengte van hul kinders meer as moeders.
- Bloedgroep (50%)

*Opgestel deur Salóme Strydom vir Moedersdag 8 Mei 2022*

# Ek Is Lief Vir Ma deur Joe Niemand

Hallo ma
Dankie vir die brief
My vriende sê hallo
En almal vra vir nog beskuit asseblief

Ek wonder soms oor ‘n laatnag sigaret
Of ek hier sou gewees het sonder ma se gebed
Ek mis ons laataand kombuis gesels al klaar
Met ma se wyse antwoorde en my dom vrae

Ek wil ma net styf vashou
En eendag vir ma ‘n huisie
By die see bou en as almal slaap sal ons praat oor die goeie ou dae
Moeder sal vir altyd weet ek is lief vir ma

Hallo ma daar’s ‘n paar goed wat ek moet sê
Dankie vir my herkoms en die trots wat ek altyd daaroor sal hê

Ek lê soms op my bed
En bid vir ma die mooiste wat die Here het
Dankie vir liefde onverwoordbaar groot
En dat ma die wêreld ‘n plek gemaak het waar ek behoort

Ek wil ma net styf vashou
En eendag vir ma ‘n huisie
By die see bou en as almal slaap sal ons praat oor die goeie ou dae
Moeder sal vir altyd weet ek is lief vir ma
Ek is lief vir ma

Ek weet daar is nie woorde wat kan sê wat ek bedoel nie
Of ooit beskryf hoe ek oor ma voel nie maar die mooiste kompliment wat ek ooit kon vind
Is toe iemand eendag vir my sê ek is ma se kind

Ek wil ma net styf vashou
En eendag vir ma ‘n huisie
By die see bou en as almal slaap sal ons praat oor die goeie ou dae
En moeder sal vir altyd weet ek is lief vir ma
Ek is lief vir ma